# DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

# Deel 1 – Die Woord word Mens

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Wat was die laaste goeie nuus wat jy gehoor het? Hoekom dink jy hoor ons meer slegte as goeie nuus?**
- **Wanneer het jy die eerste keer van Jesus gehoor? Waar en by wie het jy dit gehoor?**
- **Hoe sou jy die konsep van "geloof" vir iemand beskryf?**
- **Wat is jou verwagting van ons studie as gemeente deur die Evangelie van Johannes?**

---

---

---

**Lees deur Kolossense 1:15-20 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Watter deel van hierdie beskrywings van Jesus staan vir jou uit? Verduidelik.**
- **Wat kan die effek wees as ons onsself gereeld aan hierdie beskrywings van Jesus herinner wanneer ons uitdagings in ons lewe moet hanteer?**
- **Hoekom is dit belangrik dat ons die grootsheid van Jesus Christus besef?**
- **Hoe sluit Hebreërs 1:1-4 by hierdie gedeelte aan?**

---

---

---

**Lees deur Romeine 10:9-17 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoe sal jy vers 9 aan iemand verduidelik? Wat is die vereiste vir redding?**
- **Watter belangrike rol speel ons getuienis/"prediking" van die goeie nuus van Jesus vir mense?**
- **Hoe sluit dit aan by Jesus se opdrag in Handelinge 1:8?**
- **As jy na jou lewe kyk, sou jy jouself as iemand met voetstappe wat die goeie nuus bring beskryf? Verduidelik**

---

---

---

**Lees Johannes 1:12-13 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Vir wie almal is verlossing moontlik volgens hierdie vers?**
- **Wat is die vereiste vir verlossing?**
- **Wat dink jy van woorde "om kinders <u>te word</u>" en dat dit nie 'n outomatiese proses is nie?**

---

---

---

- **Waarvoor kan julle vir mekaar bid?**

## Gebed en Omgee

> *Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

> *Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**